

# SENWESBEL BEPERK

(Registrasiensnommer 1996/017629/06)  
("Maatskappy")

## Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

<b>BELANGRIKE REKORDDATUMS VIR ALLE AANDEELHOUSERS:</b>	<b>2014</b>
<b>INDIENING VAN VOLMAGVORMS EN STEMMING BY DIE ALGEMENE JAARVERGADERING (ook elektroniese indiening)</b>	<b>27 AUGUSTUS 2014 OM 11:00</b>
<b>REKORDDATUM VIR STEMMING BY DIE ALGEMENE JAARVERGADERING EN DIVIDEND</b>	<b>29 AUGUSTUS 2014</b>
<b>DATUM VAN ALGEMENE JAARVERGADERING</b>	<b>29 AUGUSTUS 2014 OM 11:00</b>

'N AANDEELHOUER WAT NIE IN STAAT IS OM DIE VERGADERING BY TE WOON NIE, KAN 'N GEVOLMAGTIGDE AANSTEL OM HOM/HAAR BY DIE VERGADERING TE VERTEENWOORDIG EN OM NAMENS HOM/HAAR DAAR TE STEM EN TE PRAAT.

LET ASSEBLIEF DAAROP DAT DAAR VAN DEELNEMERS AAN DIE VERGADERING (GEVOLMAGTIGDES INGESLUIT) VERWAG WORD OM REDELIK BEVREDIGENDE IDENTIFIKASIE TE VOORSIEN ALVORENS HULLE GEREKTIG SAL WEES OM AANDEELHOUSERSVERGADERINGS BY TE WOON OF DAARAAN DEEL TE NEEM. BEVREDIGENDE VORMS VAN IDENTIFIKASIE SLUIT GELDIGE IDENTITEITSDOKUMENTE, RYBEWYSE EN PASPOORTE IN.

DIE VOLMAGVORM SOOS HIERIN VERVAT MOET VIR HIERDIE DOEL GEBRUIK WORD EN MOET OP OF VOOR 27 AUGUSTUS 2014 OM 11:00 BY DIE MAATSKAPPY SE GEREKISTREERDE KANTOOR INGEHANDIG WORD BY WYSE VAN POS, TELEFAKS OF ELEKTRONIESE INDIENING INGEVOLGE DIE VEREISTES WAT IN HIERDIE KENNISGEWING VERVAT IS.

KENNIS GESKIED HIERMEE DAT DIE AGTIENDE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN AANDEELHOUSERS VAN DIE MAATSKAPPY GEHOU SAL WORD IN KAMER A, KONFERENSIESENTRUM, SENWES HOOFKANTOOR, CHAREL DE KLERKSTRAAT 1, KLERKSDORP, OP DONDERDAG, 29 AUGUSTUS 2014 OM 11:00 TEN EINDE DIE ONDERSTAANDE AANGELEENTHEDE AF TE HANDEL:

## **BELANGRIKE OMSKRYWINGS:**

Aandeelhouders word in kennis gestel dat die volgende woorde in hierdie kennisgewing die volgende betekenisse het:

“die Aandeelhouders”:	Die geregistreerde aandeelhouders of lede van die Maatskappy soos van tyd tot tyd in die aandeelhoudersregister weergegee.
“die Akte van Oprigting”:	Akte van Oprigting van die Maatskappy.
“die Direksie”:	Die direksie van die Maatskappy.
“die Maatskappy”:	Senwesbel Beperk.
“Senwes”:	Senwes Beperk.
“die Wet”:	Maatskappywet, Wet 71 van 2008, soos gewysig, insluitend alle skedules en regulasies daartoe.

## **A. VOORLEGGING VAN DIREKSIEVERSLAG EN FINANSIËLE JAARSTATE SOOS ONDERSTEUN DEUR DIE OUDITKOMITEEVERSLAG**

Om aan die vergadering voor te lê –

- die direksieverlag en geouditeerde finansiële jaarstate van die Maatskappy vir die tydperk geëindig 30 April 2014\*; en
- die Ouditkomiteeverlag,

soos goedgekeur deur die Direksie.

(\* 'n Afskrif van die volledige jaarverslag vir die vorige finansiële jaar is beskikbaar op Senwes se webtuiste of op versoek by die Maatskappysekretaris by die Maatskappy se geregistreerde kantoor.)

## **B. GEWONE BESLUIE**

(Gewone besluite vereis die goedkeuring van 50% (vyftig persent) van die stemreg uitgeoefen ten opsigte van elke besluit.)

### **B1 Gewone besluit no. 1: Heraanstelling van ouditeure**

Besluit om die heraanstelling van die ouditeure, Ernst & Young Ing., soos genomineer deur die Maatskappy se Ouditkomitee, as onafhanklike ouditeure van die Maatskappy goed te keur om hierdie posisie te beklee tot die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy.

#### ***Rede en gevolg:***

Die rede vir Gewone Besluit no. 1 is dat die Maatskappy se ouditeure op 'n jaarlikse basis by die algemene jaarvergadering aangestel of her aangestel moet word ingevolge die Maatskappywet.

Mnr MC (Mike) Herbst, as individuele en aangewese ouditeur, is aangestel om die Maatskappy-oudit vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2015 te doen.

## **B2 Gewone besluit no. 2: Aanstelling van die Ouditkomitee**

Besluit om die volgende ondervermelde nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy aan te stel (Gewone Besluite no. B2.1 tot B2.3) as lede van die Senwesbel Ouditkomitee tot ná die Maatskappy se volgende algemene jaarvergadering. Die Direksie beveel aan dat die Ouditkomitee uit die volgende drie nie-uitvoerende direkteure bestaan:

### **B2.1 Gewone besluit no. 2.1:**

NDP (Nico) Liebenberg, Meestersgraad in Volhoubare Boerdery.

Nico begin aan die einde van 1991 in die Bothavilledistrik boer. Hy vestig 'n gemengde landbou-eenheid wat bestaan uit droëland mielies, beeste en groente onder besproeiing.

Die boerdery-eenheid ontwikkel in 'n nasionale alleenverskaffer van, onder andere, wortels aan Woolworths en het oor die 200 voltydse werknemers in diens.

Nico is die Voorsitter van die Senwes Risikokomitee en die Senwes Vergoedingskomitee en 'n lid van die Senwes Maatskaplike en Etiekkomitee.

### **B2.2 Gewone besluit no. 2.2:**

AJ (Dries) Kruger, Hons. B.Compt. CA(SA).

Geregistreeerde ouditeur en rekenmeester wat sedert 1976 in Kroonstad praktiseer. Dries spesialiseer in landbou-ondernemings en boedelbeplanning.

Dries is Voorsitter van Senwesbel en 'n lid van die Senwes Ouditkomitee en die Senwes Beleggingskomitee en Voorsitter van die Senwes Maatskaplike en Etiekkomitee.

### **B2.3 Gewone besluit no. 2.3:**

JDM (Danie) Minnaar, B.Com.

As voormalige Voorsitter van die Vrystaat Landbouvereniging se Jongboerkomitee, was Danie betrokke by die implementering en bevordering van graanbemarking op SAFEX. Hy is tans 'n lid van GSA en Vrystaat Landbou.

Danie is reeds vir baie jare deel van die landbousektor. Danie is die Voorsitter van die Senwes Vergoedingskomitee en 'n lid van die Senwes Oudit-, Beleggings-, Nominasie- en Maatskaplike en Etiekkomitee. Danie is op 25 Junie 2013 as Voorsitter van die Senwes Beperk Direksie verkies.

## **B3 Gewone besluit no. 3: Bekragtiging van finale dividend**

Besluit om die aanbeveling deur die Direksie te bekragtig en goed te keur dat 'n dividend van 17 (sewentien) sent per aandeel verklaar word ingevolge klousule 17.1 van die Akte van Oprigting.

(Ingevolge klousule 17.5 van die Akte van Oprigting mag die Algemene Vergadering nie 'n groter dividend verklaar as die dividend wat deur die Direksie aanbeveel is nie.)

(Nota: Dividende sal op of om en by 12 September 2014 aan aandeelhouers uitbetaal word wat as sulks geregistreer is op die rekorddatum van 29 Augustus 2014.)

## **B4 Gewone besluit no. 4: Magtiging van Direkteure**

AS 'N GEWONE BESLUIT VAN DIE MAATSKAPPY, word besluit dat mnr Dries Kruger en/of mnr Nico Liebenberg hiermee aangewys, opdrag gegee en bemaagtig word en is om alle sodanige aksies te neem en alle sodanige dokumente te onderteken, (tot die mate wat dit nodig mag wees) alle sodanige dokumente in te dien by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom, en te verseker dat die nodige aksies geneem word en dat alle sodanige dokumente ingedien word ten einde uitvoering te gee aan die spesiale besluite wat tydens die Maatskappy se 2014 Algemene Jaarvergadering aangeneem word.

## **C. SPESIALE BESLUITE**

(Spesiale besluite vereis die goedkeuring van 75% (vyf-en-sewentig persent) van die stemregte wat ten opsigte van elke besluit uitgeoefen word.)

### **C1 SPESIALE BESLUIT NO. 1: OMSKEPPING VAN AANDELE NA AANDELE SONDER PARIWAARDE**

#### **Besluit dat:**

Ingevolge artikel 36(2)(a) van die Wet, saamgelees met Regulasie 31(2) en Regulasie 31(6), word en is die Akte van Oprigting van die Maatskappy hiermee gewysig deur die omskepping van 119 948 739 (honderd-en-negentien miljoen negehonderd agt-en-veertig duisend sewehonderd nege-en-dertig) gewone aandele met 'n pariwaarde van R0,005162473 (nul komma nul nul vyf een ses twee vier sewe drie rand) in die gemagtigde aandelekapitaal na gewone aandele sonder pariwaarde.

#### **Rede en gevolg:**

Ingevolge Regulasie 31(2) word vereis dat, vóór die vermeerdering van enige aandelekapitaal, sou die Maatskappy se aandelekapitaal bestaan uit aandele met pariwaarde, die aandele omskep moet word in aandele sonder pariwaarde.

Die Direksie het, soos vereis ingevolge Regulasie 31(7), 'n verslag opgestel wat hierdie kennisgewing vergesel as **Aanhangsel 1**, welke verslag die wesenlike uitwerkings van die voorgestelde omskepping op die waarde van die gewone aandele en die regte van Aandeelhouers uiteensit. 'n Afskrif van die verslag sal by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ingedien word.

### **C2 SPESIALE BESLUIT NO. 2: KANSELLASIE VAN 500 (VYFHONDERD) VOORKEUR-AANDELE**

#### **Besluit dat:**

- 1 Ingevolge artikel 36(2)(a) van die Wet, saamgelees met artikel 16(1)(c) van die Wet, die 500 (vyfhonderd) gemagtigde, maar onuitgereikte voorkeuraandele in die Maatskappy hiermee gekanselleer word en gekanselleer is; en
- 2 klousules 40 tot 51 van die Maatskappy se Akte van Oprigting hiermee geskrap word.

#### **Rede en gevolg:**

Die rede vir hierdie spesiale besluit is om die gemagtigde, maar onuitgereikte voorkeuraandele wat tydens die vorige algemene jaarvergadering geskep is met die oog op die voorkeuraandel-inskrywingsooreenkoms wat in daardie stadium met Absa Bank Beperk ("**Absa**") gesluit is, te kanselleer. Die transaksie met Absa het nie voortgegaan nie en is gekanselleer en geen voorkeuraandele is uitgereik nie. Gevolglik is daar geen verdere behoefte om die voorkeuraandele of hul bepalinge as deel van die Akte van Oprigting in te sluit nie.

### **C3 SPESIALE BESLUIT NO. 3: ALGEMENE MAGTIGING OM AANDELE UIT TE REIK EN TOE TE KEN**

#### **Besluit dat:**

As staande en algemene magtiging ingevolge Artikel 41 van die Wet en soos beoog in klousule 6.3 en 6.4 van die Akte van Oprigting, word en is die Maatskappy se gemagtigde maar onuitgereikte aandeelkapitaal, soos op die datum van hierdie besluit, hiermee onder die beheer van die direkteure van die Maatskappy geplaas tot die volgende algemene jaarvergadering, om sodanige gewone aandele aan sodanige persoon (persone) en op sodanige bepalings en voorwaardes toe te ken en uit te reik soos wat die direkteure in hul eie uitsluitlike diskresie kan bepaal; met dien verstande dat hierdie magtiging die uitreiking van gewone aandele, sekuriteite, opsies of regte wat daaraan verbonde is aan enige direkteure, voorgeskrewe beamptes of persone verwant of tussen verwant aan die Maatskappy, of 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die Maatskappy, soos beoog in Artikel 41(1) van die Wet, insluit.

#### **Rede en gevolg:**

Die rede vir hierdie spesiale besluit is omdat die Akte van Oprigting vereis dat aandeelhouders magtiging aan die Direksie verleen om aandele uit te reik. Die Wet vereis dat aandeelhouders magtiging verleen wanneer aandele aan direkteure en/of voorgeskrewe beamptes en/of verwante partye uitgereik gaan word.

Die magtiging word vereis om die direksie in staat te stel om in 'n posisie te wees om uitvoering te gee aan die Maatskappy se strategieë ten opsigte van die behoud en uitbreiding van sy belang in Senwes en om aandele aan bestaande aandeelhouders uit te reik ten einde verdere kapitaal te verkry.

### **C4 SPESIALE BESLUIT NO. 4: GOEDKEURING VAN 'N FILIAAL AS 'N AANDEELHOUER VAN DIE MAATSKAPPY**

#### **Besluit dat:**

Klousule 37.2 van die Akte van Oprigting gewysig word deur die invoeging van 'n klousule 37.2.7 wat soos volg lui:

**“37.2.7 'n filiaal van die Maatskappy is,”**

#### **Rede en gevolg:**

Die rede vir hierdie spesiale besluit is omdat klousule 37.2 van die Akte van Oprigting die kwalifiserende kriteria uiteensit vir 'n persoon om 'n aandeelhouer in die Maatskappy te word. Tans kwalifiseer 'n filiaal van Senwesbel nie om 'n aandeelhouer van Senwesbel te word nie.

Die besluit word benodig ten einde Senwes in staat te stel om aandele in die Maatskappy te verkry. Die verlening van sodanige reg sal Senwes in staat stel om aandele in die Maatskappy, wat as sekuriteit aan Senwes verpand is, te verkry en sal Senwes voorts in staat stel om aktief aan die verhandeling van Senwesbel aandele deel te neem.

### **C5 SPESIALE BESLUIT NO. 5: GOEDKEURING VAN DIE VERGOEDING VAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE**

#### **Besluit dat:**

Ingevolge Artikel 66(9) van die Wet betaling van vergoeding vir dienste aan nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy goedgekeur word vir die tydperk 1 September 2014 tot 31 Augustus 2015 soos uiteengesit in die onderstaande tabel; met dien verstande dat, sou die besluit nie aangeneem word nie, die vergoeding wat by die 2013 algemene jaarvergadering deur aandeelhouders goedgekeur is, betaalbaar bly tot die volgende algemene jaarvergadering in 2015.

<b>KATEGORIE</b>	<b>Voorgestelde Vergoeding 2014 R</b>
Voorsitter (per jaar)	224 700
Ondervoorsitter (per jaar)	157 500
Direkteure (per jaar)	112 350
Spesiale projekte (per dag)	2 120
Voorsitter (per vergadering bygewoon):	
Ouditkomitee	8 480
Lede van Komitees (per vergadering bygewoon):	
Lede van Ouditkomitee	4 240
Reiskostes (huidige AA-tarief, gegrond op die waarde van 'n voertuig met 'n koopprys van R500 000 en met 'n enjinvermoë van 3 000cc tot 2 501cc en 45 000 km of meer gereis per jaar)	Ongeveer R4,50 per km
Reis- en bestaanskostes	Werklike uitgawes

**Rede en gevolg:**

Aandeelhouders word versoek om die voorgestelde vergoeding betaalbaar aan nie-uitvoerende direkteure, met ingang vanaf 1 September 2014, soos uiteengesit in die spesiale besluit, te oorweeg en goed te keur. Die voorgestelde jaarlikse vergoeding sluit 'n inflasie-aanpassing in op die vorige jaar se vergoeding, asook 'n verhoging in lyn met die verhoogde belang van die Maatskappy in Senwes en 'n markverwante aanpassing gegrond op bestaande en goed nagevorsde vergelykings.

Ingevolge die bepalings van klousule 29 van die Akte van Oprigting is direkteure geregtig op sodanige vergoeding as wat die Maatskappy van tyd tot tyd by wyse van 'n spesiale besluit by 'n algemene vergadering vasstel.

**C6 SPESIALE BESLUIT NO. 6: WYSIGING VAN STEMPERSENTASIE VEREIS VIR SPESIALE BESLUIE**

**Besluit dat:**

Klousule 22.2 van die Akte van Oprigting gewysig word deur "75%" te skrap en dit te vervang met "66%".

**Rede en gevolg:**

Hierdie besluit word verlang ten einde die persentasie te verlaag wat vereis word vir die aanneming van spesiale besluite deur aandeelhouders.

**D. VERKIESING VAN DIREKTEURE**

Ingevolge die statute moet mnre JJ (Jaco) Minnaar en WH (Thabo) van Zyl ooreenkomstig die rotasiebeleid by hierdie vergadering uittree. Mnre JJ (Jaco) Minnaar en WH (Thabo) van Zyl het aangedui dat hulle beskikbaar is vir herverkiesing. Ingevolge klousule 26.6 van die Akte van Oprigting is nominasies vir die aanstelling van direkteure op 7 April 2014 van die lede aangevra.

Slegs twee kandidate is behoorlik deur die lede genomineer vir die twee vakatures, naamlik mnre JJ (Jaco) Minnaar en WH (Thabo) van Zyl. Die twee genomineerdes is derhalwe aangestel as direkteure sonder dat nog 'n aandeelhoudersvergadering gehou hoef te word om direkteure aan te stel om die vakatures te vul.

Die verkorte curriculum vitae van mnr Minnaar is soos volg:

<b>Volle Name en Van:</b>	Jacobus Johannes Minnaar
<b>Adres:</b>	Botesrust, Posbus 322, Hennenman, 9445
<b>Geboortedatum en Ouderdom:</b>	2 September 1976 (37)
<b>Diensjare:</b>	Direkteur sedert Augustus 2011
<b>Kwalifikasies:</b>	B. Ing.Landbou (UP) 1998
<b>Beroep/Posisie:</b>	Mnr Minnaar is sedert 2000 betrokke by verskeie georganiseerde landboubestuurstrukture, wat verskeie AgriSA beleidskomitees insluit. Hy is sedert 2004 lid van die Uitvoerende Komitee van Vrystaat Landbou en is vir die afgelope vier jaar deel van die Graan SA bestuurspan. Hy is ook 'n direkteur van Senwes en 'n lid van die Uitvoerende Komitee van Graan SA en die Vergoedings- en Risikokomitee van Senwes.
<b>Kontakbesonderhede:</b>	Selfoonnummer: 083 626 7000 E-pos: <a href="mailto:jaco@compuking.co.za">jaco@compuking.co.za</a>

Die verkorte curriculum vitae van mnr Van Zyl is soos volg:

<b>Volle Name en Van:</b>	Wilhelmus Hendrikus van Zyl
<b>Adres:</b>	Visagieskuil, Posbus 166, Wesselsbron, 9680
<b>Geboortedatum en Ouderdom:</b>	12 Desember 1974 (39)
<b>Diensjare:</b>	Direkteur sedert Augustus 2012
<b>Kwalifikasies:</b>	B.Sc. Agric. (Landbou-ekonomie)
<b>Beroep/Posisie:</b>	Mnr Van Zyl matrikuleer in 1992 aan die Hoërskool Sandveld in Wesselsbron waar hy sy skoolloopbaan afgesluit het as onderhoofseun. Hy verwerf dan in 1997 'n B.Sc.Landbougraad in Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Pretoria. Thabo dien sedert 2001 op die direksie van Bothaville Meule. Hy is ook 'n direkteur van Senwes en 'n lid van die Senwes Maatskaplike & Etiekkomitee.
<b>Kontakbesonderhede:</b>	Selfoonnummer: 083 468 2388 E-pos: <a href="mailto:wvz@global.co.za">wvz@global.co.za</a>

## BELANGRIKE ALGEMENE NOTAS

- Alle aandeelhouders is geregtig om die vergadering by te woon en daarby te stem. Die aandeleregister van die Maatskappy soos op Vrydag, 29 Augustus 2014 sal, vir die doeleindes van die vergadering bepaal wie die verkiesbare lede is.
  - 'n Aandeelhouer wat nie in staat is om die vergadering by te woon nie, mag 'n gevolmagtigde aanstel om hom/haar by die vergadering te verteenwoordig, daaraan deel te neem, daar te praat en namens hom/haar te stem of om toestemming namens die aandeelhouer te gee of te weerhou in 'n besluit soos beoog in Artikel 60 van die Wet.
  - 'n Gevolmagtigde hoef nie ook 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie.
  - 'n Aandeelhouer van die Maatskappy mag twee of meer persone gelyktydig as gevolmagtigdes aanstel en mag meer as een gevolmagtigde aanstel om stemregte uit te oefen met betrekking tot verskillende sekuriteite in die aandeelhouer se besit.
  - 'n Gevolmagtigde kan sy of haar gesag om namens die aandeelhouer op te tree aan 'n ander persoon delegeer, onderhewig aan enige beperking wat uiteengesit word in die dokument wat die gevolmagtigde aanstel.
  - Ongeag die formaat van die dokument wat gebruik word om 'n gevolmagtigde aan te stel, word die aanstelling van 'n gevolmagtigde op enige tydstip opgeskort en in die mate wat die tersaaklike aandeelhouer kies om direk en persoonlik in die uitoefening van enige sodanige regte as aandeelhouer op te tree. Die aanstelling is herroepbaar tensy die gevolmagtigde se aanstelling uitdruklik anders aandui. Indien die aanstelling herroepbaar is, kan 'n aandeelhouer die benoeming van 'n gevolmagtigde herroep deur dit skriftelik te kanselleer, of deur 'n later strydige benoeming van 'n gevolmagtigde te maak; en 'n afskrif van die herroepingsdokument aan die gevolmagtigde en aan die Maatskappy te lewer. Die herroeping van 'n gevolmagtigde se aanstelling maak 'n volledige en finale kansellering van die gevolmagtigde se magtiging uit om namens die aandeelhouer op te tree.
  - 'n Volmagtvorm is hierby ingesluit. Aandeelhouders mag ook besluit om volmagtvorms elektronies in te dien.
  - Aandeelhouders wat verkies om deur middel van 'n gevolmagtigde verteenwoordig te wees en te stem –
    - i. mag die gedrukte volmagtvorm invul ingevolge die instruksies op die keersy van die dokument en dit terugstuur aan die Maatskappysekretaris by die Maatskappy se geregisteerde kantoor te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 of deur middel van 'n faks, e-pos of per pos, vir die aandag van die Maatskappysekretaris op of voor 27 Augustus 2014 om 11:00. Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570. Faksnommers: 018 464 2228 of 086 680 3124; e-pos: [claudi.smit@senwes.co.za](mailto:claudi.smit@senwes.co.za)
- OF
- ii. mag elektronies deelneem deur volmagte elektronies via die Internet in te dien. Vir hierdie doel moet die volgende webtuiste besoek word: [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za). Die notas betreffende die invul van volmagtvorms wat agterop die volmagtvorm verskyn wat hierby ingesluit is, is *mutatis mutandis* van toepassing op elektroniese volmagte.
- Daar sal van alle aandeelhouders of hul gevolmagtigdes vereis word om hulself by die vergadering te identifiseer.

Op las deur die Direksie van die Maatskappy.



**A E Scholtz**  
**MAATSKAPPYSEKRETARIS**

KLERKSDORP  
25 Junie 2014

Tel. no: 076 212 1776 / 012-751 6927



# SENWESBEL BEPERK

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)  
(Registrasienommer 1996/017629/06)

("Senwesbel")

## VOLMAGVORM

Tensy dit anders gestipuleer word of duidelik blyk uit die samehang, sal alle begrippe met hoofletters in die Volmaggvorm die betekenis hê wat daaraan toegeskryf is in die Kennisgewing waaraan hierdie Volmaggvorm aangeheg is.

**Vir gebruik deur Aandeelhouders by die Algemene Jaarvergadering.  
Lees asseblief die opsomming en notas agterop hierdie Volmaggvorm.**

Ek/Ons (volle naam in drukskrif) \_\_\_\_\_

van (adres) \_\_\_\_\_

met identiteits-/registrasie nr. \_\_\_\_\_ as die houër(s) van \_\_\_\_\_ Aandele, stel hiermee aan:

- \_\_\_\_\_, of indien nie hy nie,
- \_\_\_\_\_, of indien nie hy nie,
- die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering,

as my/ons gevollmagtigde om vir my/ons op te tree by die Algemene Jaarvergadering ten einde die besluite wat daar, en by enige verdagting of uitstel daarvan, voorgestel word te oorweeg en, sou dit geskik geag word, aan te neem en om die stemme uit te bring ten opsigte van al die Aandele wat in my/ons naam/name geregistreer is, soos volg (dui met 'n "X" aan wat van toepassing is):

ALGEMENE JAARVERGADERING				TEN GUNSTE VAN BESLUIT	TEEN BESLUIT	BLY BUITE STEMMING
<b>Gewone Besluite</b>						
B1	Gewone besluit no. 1:	Heraanstelling van die ouditeure				
B2	Gewone besluit no. 2:	Aanstelling van die Ouditkomitee:				
B2.1	Gewone besluit no. 2.1:	Aanstelling van mnr NDP Liebenberg as 'n lid van die Ouditkomitee				
B2.2	Gewone besluit no. 2.2:	Aanstelling van mnr AJ Kruger as 'n lid van die Ouditkomitee				
B2.3	Gewone besluit no. 2.3:	Aanstelling van mnr JDM Minnaar as 'n lid van die Ouditkomitee				
B3	Gewone besluit no. 3:	Bevestiging van finale dividend				
B4	Gewone besluit no. 4:	Magtiging van direkteure				
<b>Spesiale Besluite</b>						
C1	Spesiale besluit no. 1:	Omskepping van Aandele na Aandele sonder pariwaarde				
C3	Spesiale besluit no. 3:	Algemene magte om aandele uit te reik en toe te ken				
C4	Spesiale besluit no. 4:	Goedkeuring van 'n filiaal as aandeelhouer				
C5	Spesiale besluit no. 5:	Direkteursvergoeding				
C6	Spesiale besluit no. 6:	Spesiale besluit stempersentasie				

(Dui opdrag aan gevollmagtigde aan by wyse van 'n kruis in die blokkie wat hierbo voorsien is.)

GETEKEN te \_\_\_\_\_ op hierdie \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 2014.

**Bygestaan deur** (indien van toepassing)

Faks asb terug na: 086 680 3124 of (018) 464 2228  
e-pos: [claudi.smit@senwes.co.za](mailto:claudi.smit@senwes.co.za)

**Handtekening**

Indien volmag namens 'n regspersoon onderteken word, dui hoedanigheid aan, bv. Direkteur, Lid van BK, Trustee van 'n Trust

## OPSOMMING VAN REGTE VERVAT IN ARTIKEL 58 VAN DIE WET

Ingevolge artikel 58 van die Wet:

- kan 'n aandeelhouer van 'n maatskappy op enige tydstip en ooreenkomstig die bepalings van artikel 58 van die Wet, enige individu (insluitende 'n individu wat nie 'n aandeelhouer is nie) as gevolmagtigde aanstel om namens die aandeelhouer deel te neem aan, en te praat en te stem by, 'n aandeelhouervergadering;
- kan 'n gevolmagtigde sy of haar gesag om namens die aandeelhouer op te tree aan 'n ander persoon deleger, behoudens enige beperking wat uiteengesit word in die instrument wat die gevolmagtigde aanstel (sien nota 10 hieronder);
- ongeag die formaat van die instrument wat gebruik word om 'n gevolmagtigde aan te stel, word die aanstelling van 'n gevolmagtigde op enige tydstip opgeskort en in die mate wat die tersaaklike aandeelhouer kies om direk en persoonlik in die uitoefening van enige sodanige regte as aandeelhouer op te tree (sien nota 4 hieronder);
- is die aanstelling van 'n gevolmagtigde deur 'n aandeelhouer herroepbaar, tensy die vorm van die instrument wat gebruik is om sodanige gevolmagtigde aan te stel anders aandui;
- indien die aanstelling herroepbaar is, kan 'n aandeelhouer die aanstelling van 'n gevolmagtigde herroep deur (i) dit skriftelik te kanselleer, of 'n later strydige nominasie van 'n gevolmagtigde te maak; en (ii) 'n kopie van die herroepingsinstrument aan die gevolmagtigde en aan die maatskappy te lewer;
- 'n gevolmagtigde wat deur 'n aandeelhouer aangestel is, is daarop geregtig om enige stemreg van die aandeelhouer uit te oefen, of buite stemming te bly, sonder opdrag, buiten in die mate wat die tersaaklike maatskappy se Akte van Oprigting, of die instrument wat die gevolmagtigde aanstel, anders bepaal (sien nota 2 hieronder);
- indien die instrument waarin 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes aangestel word, deur 'n aandeelhouer aan 'n maatskappy gelewer is, en so lank as wat daardie aanstelling van krag bly, moet enige kennisgewing wat ingevolge hierdie Wet of sodanige maatskappy se Akte van Oprigting deur die maatskappy aan die aandeelhouer gelewer moet word, deur die maatskappy gelewer word aan –
  - die tersaaklike aandeelhouer; of
  - die gevolmagtigde of gevolmagtigdes, indien die aandeelhouer: (i) die maatskappy skriftelik opdrag gegee het om dit te doen; en (ii) enige redelike geld betaal het wat deur die maatskappy gehef word om dit te doen; en
- indien 'n maatskappy 'n uitnodiging aan aandeelhouders rig om een of meer persone aan te stel wat deur die maatskappy as 'n gevolmagtigde genomineer is, of 'n vorm van instrument verskaf:
  - moet die uitnodiging na die vergadering waarop die volmag uitgeoefen kan word, aan elke aandeelhouer gestuur word wat geregtig is op kennisgewing van die vergadering;
  - moet die uitnodiging of vorm van instrument wat deur die maatskappy verskaf word:
    - 'n redelike prominente opsomming van die regte wat deur artikel 58 van die Wet bepaal word, bevat;
    - voldoende oop ruimte bevat onmiddellik voor die naam of name van enige persoon/persone wat daarin genoem word sodat 'n aandeelhouer die naam, en indien hy/sy wil, 'n alternatiewe naam van 'n gevolmagtigde kan neerskryf wat deur die aandeelhouer gekies word; en
    - voldoende ruimte vir die aandeelhouer laat om aan te dui of die aangestelde gevolmagtigde ten gunste van of teen enige besluit(e) moet stem wat aan die vergadering gestel gaan word, of buite stemming moet bly;
  - moet die maatskappy nie vereis dat die aanstelling van 'n gevolmagtigde onherroeplik gemaak moet word nie; en
  - die aanstelling van 'n gevolmagtigde slegs geldig bly tot aan die einde van die vergadering waarop dit beoog was om gebruik te word.

## NOTAS TOT DIE VOLMAGVORM

1. 'n Aandeelhouer mag die naam/name van een of meer gevolmagtigdes van die Aandeelhouer se keuse in die ruimte(s) wat voorsien is, invul deur of sonder om "die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering" te skrap, maar die Aandeelhouer moet enige sodanige skrapping parafeer. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n Aandeelhouer van Senwesbel te wees nie. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en wat by die Algemene Jaarvergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree en diegene wie se name volg sal uitgesluit wees. In die geval waar geen name aangedui word nie, sal die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering die volmag uitoefen.
2. 'n Aandeelhouer se instruksies op die volmagvorm moet aangedui word deur die tersaaklike aantal stemme wat deur die Aandeelhouer uitgeoefen kan word op 'n stemlys in die toepaslike blokkie(s) in te voeg. Indien 'n volmagvorm ontvang word wat behoorlik onderteken is, maar met geen aanduiding van hoe die persoon wat daarin genoem word oor enige aangeleentheid moet stem nie, mag die gevolmagtigde stem of buite stemming bly na goeddunke tensy die volmagvorm anders aandui.
3. Volmagvorme moet aan die Sekretaris gelewer word –
  - per hand: Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, Noordwes provinsie, Suid-Afrika;
  - per pos: Posbus 31, Klerksdorp, 2570; Suid-Afrika;
  - elektronies: by [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za);
  - per faks: aan 086 680 3124 of 018 464 2228sodat dit deur die Sekretaris ontvang word teen nie later nie as 48 (agt-en-veertig) uur voor die aanvang van die Algemene Jaarvergadering. Enige volmagvorm wat nie teen hierdie tyd ontvang is nie, moet aan die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering oorhandig word alvorens die aangestelde gevolmagtigde enige van die Aandeelhouer se regte by die Algemene Jaarvergadering (of enige verdaging van die Algemene Jaarvergadering) uitoefen.
4. Die invul en aflewering van hierdie volmagvorm sal geensins die Aandeelhouer uitsluit daarvan om die Algemene Jaarvergadering by te woon, daarop te praat en te stem nie, wat enige gevolmagtigde wat ingevolge daarvan aangestel is, sal uitsluit.
5. Die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering kan enige volmagvorm verwerp of aanvaar wat ingevul is en/of anders as ooreenkomstig hierdie notas ontvang is, mits hy tevrede is met die wyse waarop die Aandeelhouer wil stem.
6. Dokumentêre bewys wat die magtiging vasstel van die persoon wat hierdie volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken (bv. namens 'n maatskappy, trust, pensioenfonds, bestorwe boedel, ens.) moet aan hierdie volmagvorm geheg wees, tensy dit tevore deur die Sekretaris aangeteken of van afstand gedoen is deur die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering.
7. Waar aandele gesamentlik besit word, moet alle gesamentlike houders die volmagvorm onderteken.
8. 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy die tersaaklike dokumente wat sy/haar wetlike hoedanigheid vasstel gelewer word of deur die Sekretaris aangeteken is.
9. Enige verandering aan hierdie volmagvorm, behalwe die skrap van alternatiewe, moet deur die ondertekenaar(s) onderteken en nie net geparafeer wees nie.
10. 'n Gevolmagtigde mag nie die gesag wat aan hom/haar verleen is met betrekking tot die volmagvorm aan iemand anders as die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering deleger nie.
11. 'n Stem wat kragtens die bepalings van 'n volmaginstrument uitgebring is, sal geldig wees ondanks die afsterwe of verstandelike ongesteldheid van die prinsipaal of herroeping van die volmag of die gesag waaronder sodanige volmag uitgeoefen is, of die oordrag van aandele ten opsigte waarvan die volmag gegee is, mits geen skriftelike aankondiging van sodanige dood, kranksinnigheid, herroeping of oordrag soos hierbo genoem deur die Maatskappy ontvang is by sy geregistreerde kantoor voor die aanvang van die Algemene Jaarvergadering of enige verdaging of uitstel daarvan waar die volmag gebruik word nie.

# SENWESBEL BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika  
(Registrasienommer 1996/017629/06)  
("die Maatskappy")

---

**VERSLAG DEUR DIE RAAD VAN DIREKTEURE VAN DIE MAATSKAPPY  
("DIREKSIE") OM PARI-WAARDE AANDELE NA AANDELE SONDER PARI-WAARDE  
OM TE SKAKEL INGEVOLGE REGULASIE 31(7) VAN DIE  
MAATSKAPPYREGULASIES, 2011 ("REGULASIES"), GEPUBLISEER KRAGTENS  
ARTIKEL 223 VAN DIE MAATSKAPPYWET NR. 71 VAN 2008**

---

## DIT WORD GEBOEKSTAAF DAT

die Direksie voorgestel het al die gemagtigde gewone aandele van die Maatskappy met 'n pari-waarde van R0,005162473 (nul komma nul nul vyf een ses twee vier sewe drie Rand) ("**Gewone Aandele**") omgeskakel word na gewone aandele sonder pari-waarde ooreenkomstig Regulasie 31(2) en Regulasie 31(6) deur die wysiging van die Maatskappy se akte van oprigting by wyse van 'n spesiale besluit deur die aandeelhouers van die Maatskappy ("**Beoogde Omskakeling**").

## INGEVOLGE REGULASIE 31(7) WORD BEKEND GEMAAK DAT –

1. die waarde van die Gewone Aandele nie weens die Beoogde Omskakeling geraak sal word nie;
2. slegs die houers van Gewone Aandele deur die Beoogde Omskakeling geraak sal word;
3. die Beoogde Omskakeling nie enige wesenlike uitwerking op die houers van Gewone Aandele sal hê nie;
4. die Beoogde Omskakeling nie tot enige wesenlike nadelige uitwerking op enige ander persoon sal lei nie; en
5. geen vergoeding deur enige persoon ingevolge die Beoogde Omskakeling ontvang sal word nie.

Vir en names die Raad van Direkteure van:  
Senwesbel Beperk



Naam: **AE Scholtz**

Hoedanigheid: **Maatskappysekretaris**

Datum: **25 Junie 2014**